# KONSENTRASIEKAMPE VIR SWART VLUGTELINGE IN DIE HEIDELBERGDISTRIK GEDURENDE DIE ANGLO-BOEREOORLOG

**Willem Pretorius en Fransjohan Pretorius[1]**

***Abstract***

*In the 1970s the phenomenon of black concentration camps in the Anglo-Boer War began receiving attention by historians. Despite the limited information available about the four black concentration camps in the Heidelberg district it is possible to form a picture of the experiences of the camp inhabitants, albeit with the assistance from official British documents – sources "from above". Initially, the British authorities paid little attention to the black concentration camps. After the Native Refugee Department had taken over the control of the black concentration camps in June 1901, conditions improved. The establishment of black concentration camps was based on two principles, namely to ensure that sufficient labour was made available to the British army and to prevent black people from giving logistic or intelligence support to the Boer commandos. In the process the camps had to be self-sufficient. Large numbers of black men found employment in the army. On some of the deserted Boer farms blacks were agriculturally active, producing sufficient staple food for their own use. The poor health services in the black concentration camp at Heidelberg, where a high death rate occurred, improved to such an extent after June 1901 that there was a decrease in the number of deaths, making the death rate lower than that of the white concentration camp in the town.*

---

Sedert SB Spies in 1977 in sy baanbrekerswerk oor burgerlikes in die Anglo-Boereoorlog uitgebreide aandag aan die verskynsel van swart konsentrasie- of vlugtelingkampe geskenk het,[2] het onder andere Peter Warwick,[3] JS Mohlamme,[4] Stowell Kessler[5] en BE Mongale[6] verdere belangrike insette oor hierdie onderwerp gelewer. J Dreyer en JC Loock het die net verfyn deur slegs na die swart konsentrasiekampe en begraafplase by Allemans en Brandfort in die Vrystaat te kyk.[7] Met die duidelike behoefte aan verdere gevallestudies, word daar gevolglik

1 Departement Historiese en Erfenisstudies, Universiteit van Pretoria. E-posadresse: Fransjohan.pretorius@up.ac.za en wilpret@lantic.net

2 SB Spies, *Methods of barbarism?* (Kaapstad, 1977).

3 Peter Warwick, *Black people and the South African War 1899-1902* (Cambridge, 1983).

4 JS Mohlamme, *Black people in the Boer republics during and in the aftermath of the South African War of 1899-1902* (Madison, 1985).

5 Stowell Kessler, "Die konsentrasiekampe vir swartes en kleurlinge" in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, 2001).

6 BE Mongale, *The myth of the white man's war: an historical perspective on the concentration camps for blacks during the South African War of 1899 to 1902* (Ongepubliseerde MA-verhandeling, PU vir CHO, 1996).

7 J Dreyer en JC Loock, "Die konsentrasiekampe en begraafplase by Allemans en Brandfort" in Fransjohan Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, 2001).

hier op die konsentrasiekampe vir swart vlugtelinge in die Heidelbergdistrik (Transvaal) klem gelê.

Teen Oktober 1901 het die Britse owerheid vier konsentrasiekampe vir swart mense in die Heidelbergdistrik opgerig, naamlik by Heidelberg self, Klippoortje, Greylingstad en Nigel/Floridakop.[8] Inligting oor drie van hierdie kampe is beperk. Trouens, slegs oor die kamp by Heidelberg is daar 'n redelike mate van inligting beskikbaar.

Die aanbreek van die guerrilla-oorlog ná die verowering van Pretoria in Junie 1900 het die Britse militêre owerheid met twee probleme ten opsigte van swart vlugtelinge opgesaal. Eerstens, om die haglike omstandighede van hierdie mense wie se bestaan deur militêre optrede vernietig is, te verlig; en tweedens, om die swart gemeenskappe te beskerm wat vergelding van die Boeremagte gevrees het omdat hulle aan die Britse magte hulp verleen het. Groot getalle swart mense het teen die einde van Julie 1900 na die Britse militêr-beheerde dorpe en linies gestroom op soek na beskerming teen militêre optrede en strooptogte op hulle nedersettings.[9]

Die Heidelbergse distrikskommissaris, JM Vallentin, was bewus van die werkloosheid van swart mense op die dorp en dat voedsel aan sommige verskaf moes word. Hy het gevolglik op 21 Desember 1900 in 'n voorstel ter oplossing van hierdie probleem aan genl.maj. JG Maxwell, militêre goewerneur in Pretoria, aangebied om 500 swart mense van die dorp aan die militêre goewerneur in Johannesburg te stuur om in die myne te werk. Volgens Vallentin was hierdie swart mense op die dorp 'n moontlike bron van gevaar, want dit was waarskynlik hulle wat die Boere van inligting voorsien het. Maxwell het dieselfde dag op Vallentin se voorstel gereageer. Vallentin moes swart mans na Johannesburg stuur "to work in the mines and be kept in compounds out of mischief".[10] Vallentin se voorstel was nie 'n oplossing vir hierdie probleem nie, aangesien slegs 'n geringe persentasie van die swart werkers op die Brits-beheerde dorpe daarby betrek sou wees.

Die vestiging van swart vlugtelinge het in hierdie stadium die dringende aandag van die Britse militêre owerhede vereis. Dit het geblyk dat as die verskroeide aarde-beleid en die verwydering van vroue en kinders van die plase, en hulle plasing in konsentrasiekampe, die guerrilla-oorlog moes beëindig, die swart mense ook van die plase af verwyder sou moes word.[11] In Pretoria het lord Kitchener, bevelvoerder van die Britse magte in Suid-Afrika, op 21 Desember 1900 te kenne gegee dat dit in geen opsig die Britse militêre owerhede se bedoeling was "to clear Kaffir locations,

8 Nasionale Argiewe van Suid-Afrika (NASA), Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), British Bluebooks, Cd 934, Native Refugee Camps, Transvaal, October 1901, p. 75.

9 Warwick, p. 146.

10 NASA, TAB, MGP 54, 7891/00, inkomende korrespondensie, Desember 1900 - Januarie 1901; telegram Distrikskommissaris Heidelberg aan Militêre Goewerneur in Pretoria, 21 Desember 1900: antwoord van Militêre Goewerneur in Pretoria, 21 Desember 1901.

11 Warwick, p. 147.

but only such Kaffirs and their stock as are on Boer farms. Every endeavour should be made to cause as little loss as possible to the natives removed, and to give them protection when brought in. They will be available for any works undertaken, for which they will receive pay at native rates."[12]

Historici verskil oor die redes vir die stigting van swart konsentrasiekampe. Napier Devitt is daarvan oortuig dat die oprigting van die swart kampe in hoofsaak daarop neergekom het "to save them (natives) from falling between the warring whites on the veldt". Verskeie swart mense het hulle vrywillig in die swart konsentrasiekampe gevestig, terwyl ander onder dwang daarheen geneem is.[13]

Charlotte Searle stel dit egter nadruklik dat die verskroeide aarde-beleid die grondliggende rede vir hierdie massaverskuiwing van die swart mense van die plase af na die Brits-beheerde dorpe was. Die Boereplase waar hulle gewoon en gewerk het, het onder die vernietigende aanslae van die Britse troepe deurgeloop. Die haglike toestande wat hierna op die plase geheers het, het die swart mense verhinder om 'n bestaan te maak. Hulle het gevolglik oor geen ander keuse beskik as om in die swart konsentrasiekampe 'n heenkome te vind nie.[14]

Stowell Kessler is, soos Peter Warwick, van mening dat die redes vir die oprigting van die swart konsentrasiekampe nie van dié van die blanke konsentrasiekampe verskil het nie. In wese het hierdie Britse militêre strategie die beëindiging van die guerrilla-oorlog beoog. Alles in ag genome, stel Kessler dit dat die voorkoming van logistieke en intelligensiesteun vir die Boerekommando's as die belangrikste rede vir die verwydering van swart werkers vanaf die Boereplase na die konsentrasiekampe beskou moet word.[15]

Swart vlugtelinge het geen ander keuse gehad as om die plase te verlaat nie, aangesien hulle krale, hutte en voedselvoorrade onder die vernietigende aanslae van die Britse troepe deurgeloop het. Die Britte het hierdie vlugtelinge met hulle besittings na die dorpe weggeneem. Die militêre vervoer met beperkte laaivermoë wat tot die swart mense se beskikking gestel is, het hulle genoodsaak om 'n groot deel van hulle graan te vernietig en met 'n veel kleiner voorraad te vertrek. Vlugtelinge is by spoorwegstasies wat as basisse vir die Britse kolonnes se militêre bedrywighede gedien het, afgelaai. In die vlugtelingkampe wat die swart vlugtelinge langs die treinspoor opgerig het, was hulle, sonder enige steun van die Britse militêre owerhede, op hulself aangewese.[16] Dit is te betwyfel of

12 LS Amery, *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902 V* (Londen, 1900-1907), p. 87.

13 Napier Devitt, *The concentration camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899-1902* (Pietermaritzburg, 1941), p. 21.

14 Charlott Searle, *A social-historical survey of the development of nursing in South Africa between 1652 and 1960* (Ongepubliseerde DPhil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1964), p. 211.

15 Kessler, pp. 135, 137.

16 NASA, TAB, Transvaalse Administrasieverslae vir 1902, finale werk uitgevoer deur die "Native Refugee Department of the Transvaal" van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 1.

menslikheidsoorwegings aanvanklik, voor die stigting van die Native Refugee Departement (NRD) in Junie 1901, enigsins ’n rol gespeel het in die Britse militêre owerhede se behandeling van swart vlugtelinge.

Die Brits-beheerde dorpe het daarna ’n groot toestroming van swart plaaswerkers beleef wat by die Britte werk gesoek het om hulle omstandighede te verbeter. Verblyf op die dorpe het geen probleme veroorsaak nie, aangesien hulle blyplek in die lokasies gevind het. Groot getalle het in die nabyheid van die Britse garnisoene hulle arbeid in ruil vir kos aangebied. Hulle het selfs in die omgewing van die blanke konsentrasiekampe op soek na werk rondgedrentel. Hierdie groot ongeorganiseerde massa swart vlugtelinge wat die dorpe getref het, het die oprigting van swart konsentrasiekampe veroorsaak.[17]

Die Heidelbergse swart konsentrasiekamp, een van die oudstes in Transvaal, wat op dieselfde terrein as die blanke konsentrasiekampe geleë was, het reeds aan die begin van 1901 ontstaan. Hiervan getuig ’n skrywe op 13 Maart 1901 van dr. George Turner aan Maxwell in Pretoria, waarin hy van die aanwesigheid van 600 swartes in die kamp melding gemaak het.[18]

Ofskoon die owerhede in die blanke konsentrasiekamp volgens Vallentin nie toegelaat is om met die swart vlugtelinge te onderhandel nie,[19] het die swart mense tog sekere arbeid daar verrig. Dit het onder meer die skoonmaak van latrines behels. Hieroor het die Fawcett-kommissie (wat deur die Britse regering aangestel is na aanleiding van Emily Hobhouse se besware) tydens hulle besoek aan die kampe op Heidelberg in November 1901 soos volg gerapporteer: “The actual work is well done by small black boys.” Die kommissie het ook in sy verslag inligting oor die aanwesigheid van swart mense in die blanke konsentrasiekampe verstrek wat nie in ander bronne te vinde is nie. Hulle het byvoorbeeld gemeld dat die sterftesyfer van 270 in hierdie kamp tot November 1901 ook vier swart mense ingesluit het. Die verslag het ook aan die lig gebring dat die swart bediendes wat wel in die blanke konsentrasiekampe toegelaat is, geen rantsoene ontvang het nie. Ten tye van die kommissie se besoek het die totale swart bevolking in die blanke kamp 49 getel – 13 mans, 16 vroue en 20 kinders.[20]

Selfs op Nigel in die Heidelbergdistrik het ’n konsentrasiekamp vir swart vlugtelinge reeds in Maart 1901 bestaan, waar hulle ook vee aangehou het. Aangesien dié vee toesig vereis het, het Vallentin op 21 Maart by die owerhede in Pretoria toestemming gevra vir ’n bedrag van 2/1 (twee sjielings en een pennie) per

17 Kessler, pp. 138-139.

18 NASA, TAB, MGP 78, 2713/01, telegram dr. George Turner MOH Transvaal aan Militêre Goewerneur, Pretoria, 13 Maart 1901.

19 *Ibid*., MGP 54, inkomende korrespondensie, Desember 1900 - Januarie 1901, telegram Distrikskommissaris Heidelberg aan Militêre Goewerneur, Pretoria, 2296, 17 Februarie 1901.

20 *Ibid*., Britse Blouboeke, Cd 893, verslag van konsentrasiekamp Heidelberg deur “Ladies Commission”, 21-22 November 1901, pp. 184, 187.

dag vir die indiensneming van ’n blanke man om die werk te verrig.[21] Toestemming is verleen en op 25 Maart het die plaaslike bevelhebber van die Britse troepe aan die adjudant van die 3rd King’s Royal Rifles opdrag gegee om ’n blanke in ’n toesighoudende hoedanigheid oor die vee van die swart kampinwoners aan te stel.[22]

Vallentin het die gebrek aan toesig oor die swart kampinwoners probeer aanpak deur Maxwell op 17 Februarie 1901 daarop te wys dat die Heidelbergse swart kampbevolking hoofsaaklik uit vroue en kinders bestaan het, aangesien die meeste mans in Johannesburg gewerk het. Aangesien hierdie swart agtergeblewenes baie versorging nodig gehad het, het hy die aanstelling van ’n superintendent teen 15/- (15 sjielings) per dag versoek. Hy het die distriksgeneesheer se sienswyse oor die swartes aangehaal, naamlik dat “they want a lot of looking after to keep healthy”. Op 4 Maart is Richard Lavers teen 15/- per dag as “sanitary inspector for native locations” op Heidelberg aangestel.[23] Vier maande later sou Lavers se pos egter in gedrang wees.

Aanvanklik het die swart mense wat in die blanke konsentrasiekampe gewerk het, hulle arbeid vir kos verruil, maar mettertyd het die stand van sake verander. Omstandighede het daartoe bygedra dat ’n onderlinge afhanklikheid ontstaan het wat die superintendente van blanke konsentrasiekampe verplig het om ’n mate van verantwoordelikheid vir die swart konsentrasiekampe, wat in baie gevalle rondom blanke kampe op dieselfde terrein ontstaan het, te aanvaar. Namate die Britse kolonnes toenemend blanke en swart vlugtelinge na die dorpe gebring het, moes ’n struktuur daargestel word om verhoudinge tussen die twee groepe op ’n gesonde grondslag te plaas. Onderlinge afhanklikheid sou die antwoord in hierdie verband wees. Sowel die kamppersoneel as die inwoners van die blanke konsentrasiekampe het die beskikbare arbeid in die swart kampe benut om die noodsaaklikste werk te verrig. Swart werkers het hiervoor ’n inkomste en kos verdien. Dit het daartoe gelei dat die blanke kampe, soos Kessler verduidelik, “toenemend verantwoordelikheid vir hulle algemene welsyn aanvaar” het.[24]

In Junie 1901 het ’n nuwe stelsel vir konsentrasiekampe, wat ook die swart konsentrasiekampe ingesluit het, ontstaan. Swart konsentrasiekampe wat eers naby blanke konsentrasiekampe geleë was, is nou na verlate plase verskuif. Voortaan sou hulle onder die beheer van die nuutgestigte Native Refugee Departement

21 *Ibid*., MGP, notuleregister 45-3999, Distrikskommissaris Heidelberg aan Militêre Goewerneur Pretoria 3052, 23 Maart 1901.

22 Jan Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog V, 1899-1902* (Pretoria, 1900), p. 43:5.

23 NASA, TAB, MGP, 2296/01, telegram Distrikskommissaris Heidelberg aan Militêre Goewerneur Pretoria, 17 Februarie 1901; “Controller of Treasury” aan Distrikskommissaris Heidelberg, 4 Maart 1901; MGP 76, 2434/01A, brief Distrikskommissaris Heidelberg aan Militêre Goewerneur, Pretoria, 25 Februarie 1901.

24 Kessler, pp. 139-140.

(NRD), met kapt. HG Joly de Lotbinière as hoof, ressorteer.[25] Die Heidelbergse swart konsentrasiekamp sou voortaan onder die NRD val, gevolglik is die swart vlugtelinge onder Krygswet uitgeplaas, "some distance from the ordinary Location, on Proclaimed land".[26] In Heidelberg se geval is sowel die blanke as die swart konsentrasiekampe op die plaas Klippoortje opgerig, redelik ver van mekaar af. 'n Kaart van 1905 in besit van die Heidelbergse Historiese Vereniging dui die ligging van die swart konsentrasiekamp langs die huidige Heidelberg/Nigel-hoofweg (R42) aan waar dit die N3-hoofweg ongeveer twee kilometer van die dorp kruis.[27]

Na die totstandkoming van die NRD het die militêre ontvolkingsbeleid in intensiteit toegeneem. Britse kolonnes het opdrag gekry om geen voedsel van enige aard in die swart vlugtelinge se besit toe te laat nie. Swart mense se hutte moes met die grond gelyk gemaak word, omdat die Boeremagte hulle as barakke gebruik het.[28] Daarna is duisende swart mense met geweld na die NRD se vlugtelingkampe geneem.[29]

Gedurende die eerste helfte van 1901 het die administrasie van die swart vlugtelingkampe onder die beheer van die hoofsuperintendent van die blanke konsentrasiekampe geval. Met die aankoms op 22 Junie 1901 van ene Klinkert op Heidelberg om in opdrag van ene kapt. Cowie namens die Army Labour Depot in Johannesburg beheer van die swart konsentrasiekamp oor te neem, het Vallentin geweier om dit oor te dra, aangesien Maxwell hom nie opdrag daartoe gegee het nie. Lavers, wat voor Junie 1901 deur Maxwell as sanitêre inspekteur aangestel is en as superintendent opgetree het, het hom goed van sy taak gekwyt. Benewens die goeie beheer wat hy oor die swart vlugtelinge uitgeoefen het, het hy ook swart arbeiders aan werkgewers voorsien. Vallentin het dit onomwonde aan Maxwell gestel dat hy hierdie swart konsentrasiekamp onder sy beheer en nie onder dié van die Army Labour Depot wou gehad het nie. Die *status quo* moes gehandhaaf word sodat hy in beheer van die Heidelbergse burgerlike bevolking, blank sowel as swart, sou bly. Terselfdertyd het hy te kenne gegee dat Klinkert hom, in vergelyking met Lavers, hoegenaamd nie beïndruk het nie.[30]

De Lotbinière het die gebeure aan Maxwell gerapporteer en gevra dat daar aan Vallentin opdrag in verband met die oordrag van swart konsentrasiekampe aan

---

25 *Ibid*., pp. 140-142.

26 NASA, TAB, "Secretary Native Affairs" (SNA) 58, 2060/02, Brief kantoor van die Resident-magistraat aan die Kommissaris vir Naturellesake, Johannesburg, 23 Oktober 1902.

27 Dr. CC Momberg, privaatversameling, Gauteng Administrasie, Museumdienste, JW van der Westhuizen, "Anglo-Boer/South African War – 1899-1902, 3.6.

28 NASA, TAB, MGP 109, 9370/01, telegram Bevelvoerende Beampte Heidelberg aan Militêre Goewerneur Pretoria, 26 Julie 1901.

29 Kessler, p. 145.

30 NASA, TAB, MGP 101, 7366/01, telegram Distrikskommissaris Heidelberg aan Militêre Goewerneur, Pretoria, 22 Junie 1901.

die NRD gegee word.[31] Onenigheid tussen die NRD en die Army Labour Depot in Johannesburg oor die beheer van die Heidelbergse swart konsentrasiekamp het Maxwell verplig om tussenbeide te tree. Hy het aan AA Allison, superintendent van die blanke konsentrasiekamp op die dorp, opdrag gegee dat alle swart vlugtelingkampe aan De Lotbinière gegee moes word.[32]

Daar bestaan twee redes vir die totstandkoming van die NRD in Junie 1901 onder De Lotbinière om die probleem met die swart vlugtelinge aan te pak. Eerstens het die departement wat na die blanke konsentrasiekampe se belange moes omsien, dit al hoe moeiliker gevind om die probleme van sowel blanke as swart vlugtelinge te hanteer. Tweedens het die Britse leër se behoefte aan voldoende arbeid dringender geraak.[33] Die werwing van swart arbeiders het aanvanklik, tot met die stigting van die NRD, by die Johannesburgse tak van die leër se Arbeidsdepot berus totdat De Lotbinière dit gesluit het.[34]

Swart konsentrasiekampe het op twee beginsels berus, naamlik om voldoende arbeid tot die leër se beskikking te stel en om swart kampe so ver moontlik selfversorgend te maak.[35] Swart vlugtelinge is gevolglik in kampe langs die spoorlyn by spoorwegstasies, wat as basisse vir Britse militêre optrede gedien het, geplaas.[36] Die hoofkwartier van die leër in Pretoria het gevrees dat die swart mense vanaf die stasies na hulle krale sou terugkeer, en het dus op 1 Julie 1901 ’n bevel in hierdie verband uitgevaardig. Die bevelvoerders by die onderskeie stasies moes met die aankoms van die swart mense verantwoordelikheid vir hulle veiligheid aanvaar totdat die bevelvoerder van die leër se Arbeidsdepot ’n verteenwoordiger daarheen gestuur het aan wie alle bystand verleen moes word.[37] ’n Superintendent is daarna na die tydelike kampe gestuur met die opdrag om alle gesinne te registreer, sanitêre en mediese reëlings onder die kampinwoners se aandag te bring en aan die kwessie van voedselvoorsiening aandag te skenk.[38]

Swart vlugtelinge het in groot getalle werk in regeringsdiens, veral in die leër, verkry. Die volgende beweegredes het die swart vlugtelinge daartoe aangemoedig: Afgesien van die 1/- loon per dag in die leër en rantsoene wat elke swart man wat gewillig was om te werk, ontvang het, was hulle gesinne wat in die kampe

31 *Ibid*., MGP 101, 7366/01, telegram kapt. G de Lotbinière aan Militêre Goewerneur Pretoria, 24 Junie 1901.

32 *Ibid*., telegram Militêre Goewerneur, Pretoria aan Superintendent Burgherkamp Heidelberg, 24 Junie 1901.

33 Mohlamme, p. 113.

34 Kessler, p. 143.

35 Warwick, p. 149.

36 NASA, TAB, Transvaalse Administrasieverslae vir 1902, finale verslag van die werk uitgevoer deur die MRD van die Transvaal van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 1.

37 *Ibid*., SNA 58, 2097/02, AG/ Omsendbrief Memorandum 44, 1 Julie 1901.

38 *Ibid*., SNA 59, 2097/02, NRD Johannesburg aan die Hoë Kommissaris, 30 September 1901, pp. 2-3.

agtergebly het, so bevoorreg om mielies teen 'n halfpennie per pond (0,45 kg) of 'n sak van 180lb. (81 kg) teen 7/6 aan te koop. Swart mans wat nie gewerk het nie, moes meer as dubbeld die prys vir 'n sak mielies betaal, naamlik 18/-.[39] Hierdie stelsel wat sedert die ontstaan van die swart konsentrasiekampe in Transvaal bestaan het, het in werklikheid behels dat swart mense die helfte van die koste verbonde aan die rantsoene self betaal het.[40]

Swart mans het vir tydperke van drie maande gewerk, waarna hulle na hul gesinne in die kampe kon terugkeer. 'n Aansienlike getal vroue wie se mans in diens van die Britse militêre owerhede of die Boere gesterf het en hul kinders het in die kampe gratis rantsoene ontvang.[41] Alle behoeftiges, bejaardes en siekes wat sonder sorg was, is ook by hierdie groep ingesluit.[42]

Onderstaande tabel is 'n samevatting van die amptelike statistieke tussen November 1901 en April 1902 en gee 'n uiteensetting van die getal swart mense in die vier swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik wat rantsoene gratis of as deel van hul loon ontvang het.

Uit die statistieke blyk die volgende: Eerstens, op Greylingstad het die rantsoenering van 'n groot getal kampinwoners met dié van die kampinwoners op Heidelberg ooreengestem. Tweedens, in die kamp op Nigel is die inwoners aanvanklik nie volgens lone gerantsoeneer nie. Hierdie stelsel het eers in Januarie 1902 daar in werking getree. Hier was die getal swart mense wat rantsoene volgens lone en gratis uitreiking ontvang het, minder as diegene wat geen rantsoene ontvang het nie. Derdens, op Klippoortjie het die gratis rantsoene aan 1 150 inwoners van November 1901 vinnig tot 23 in April 1902 afgeneem. Vierdens blyk dit ook dat die Britse owerhede se finansiële uitgawes ten opsigte van die swart konsentrasiekamp op Greylingstad aansienlik meer as die ander kampe beloop het.

39 *Ibid.*, Transvaalse Administrasieverslae vir 1902, finale verslag van die werk uitgevoer deur die NRD van die Transvaal van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 1.

40 *Ibid.*, SNA 59, 2097/02, NRD Johannesburg aan die Hoë Kommissaris, 30 September 1901, p. 8.

41 *Ibid.*, Transvaalse Administrasieverslae vir 1902, finale verslag van die werk uitgevoer deur die NRD van die Transvaal van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 1.

42 *Ibid.*, SNA 59, 2097/02, verslag NRD Johannesburg aan die Hoë Kommissaris, 30 September 1901, p. 3.

HEIDELBERG

| Rantsoene | Nov. 1901 | Des. 1901 | Jan. 1902 | Febr. 1902 | Mrt. 1902 | Apr. 1902 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Teen 18/- (lone) | 23 | 1 204 | | | | |
| Teen 7/6 (lone) | 1 294 | 212 | 1 114 | 1 211 | 987 | 1 588 |
| Gratis rantsoene | 53 | 71 | 35 | 10 | 11 | 11 |
| Geen rantsoene | 249 | 40 | 35 | 505 | 294 | 11 |
| Koste Britse regering | £38-17-5 | £77-2-11 | £32-5-5 | £21-16-8 | £45-6-4 | £43-13-4 |

NIGEL/FLORIDAKOP

| Rantsoene | Nov. 1901 | Des. 1901 | Jan. 1902 | Febr. 1902 | Mrt. 1902 | Apr. 1902 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Teen 18/- (lone) | | | | | | |
| Teen 7/6 (lone) | | | 187 | 262 | 392 | 312 |
| Gratis rantsoene | 303 | 315 | 35 | 12 | 36 | 25 |
| Geen rantsoene | 800 | 720 | 823 | 860 | 746 | 681 |
| Koste Britse regering | £13-19-9 | £36-5-2 | £12-7-3 | £18-2-8 | £26-15-2 | £28-15-0 |

KLIPPOORTJE

| Rantsoene | Nov. 1901 | Des. 1901 | Jan. 1902 | Febr. 1902 | Mrt. 1902 | Apr. 1902 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Teen 18/- (lone) | | | | | | |
| Teen 7/6 (lone) | | | 574 | 721 | 652 | 894 |
| Gratis rantsoene | 1 150 | 631 | 17 | 34 | 20 | 23 |
| Geen rantsoene | 383 | 830 | 880 | 721 | 680 | 507 |
| Koste Britse regering | £87-14-6 | £42-16-4 | £29-6-9 | £29-16-5 | £48-18-11 | £55-17-4 |

GREYLINGSTAD

| Rantsoene | Nov. 1901 | Des. 1901 | Jan. 1902 | Febr. 1902 | Mrt. 1902 | Apr. 1902 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Teen 18/- (lone) | | | | | | |
| Teen 7/6 (lone) | 1 934 | 1 184 | 1 730 | 1 756 | 1 305 | 1 728 |
| Gratis rantsoene | 14 | 20 | 25 | 25 | 25 | 21 |
| Geen rantsoene | 285 | 233 | 219 | 155 | 155 | 134 |
| Koste Britse regering | £74-17-10 | £88-2-10 | £79-1-10 | £122-10-9 | £99-11-11 | £95-7-0[43] |

43 *Ibid*., FK 607, Koloniale Kantoor, Naturelle-vlugtelingkampe, finansiële state tot November 1901, p. 371; SNA, volume 20, 25, 28, 30, 44, 59 (wat die tydperk na November 1901 dek).

Na die vredesluiting in Mei 1902 het die Britse regering se finansiële uitgawes aan die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik aansienlik verminder. Onderstaande tabel toon dat die kostes in die geval van Greylingstad tot aan die einde van Julie hoog gebly het. 'n Moontlike rede hiervoor kon die betrokkenheid van swart werkers by landboubedrywighede gewees het. Die drie ander swart konsentrasiekampe se kostes het verminder, terwyl Klippoortje aan die einde van Julie 'n krediet van agt pennies getoon het.

FINANSIËLE UITGAWES TEN OPSIGTE VAN SWART KONSENTRASIEKAMPE IN HEIDELBERGDISTRIK, MEI TOT JULIE 1902

| **Konsentrasiekamp** | **Mei 1902** | **Junie 1902** | **Julie 1902** |
|---|---|---|---|
| Heidelberg | £2 -9-0 | £17-19-0 | £0-14-2 |
| Nigel/Floridakop | £0-7-6 | £1-8-6 | £0-6-10 |
| Klippoortje | £3-6-10 | £2-5-0 | £0-0-8 Kr. |
| Greylingstad | £50-14-2 | £82-0-0 | £104-8-11[44] |

Swart mans het na die stigting van swart konsentrasiekampe geleidelik in diens van die leër en privaat ondernemings getree, terwyl hulle vroue en kinders volgens die finale verslag van die NRD (1902) in goedopgerigte kampe blyplek gevind het. Met betrekking tot indiensneming deur privaat instansies het die swart vlugtelinge, mans, vroue en kinders, toestemming daarvoor gehad. Aangesien die Heidelbergse swart konsentrasiekamp 'n hanetreetjie van die dorp geleë was, het talle swart mense eerder werk in die dorp by private huishoudings gevind as om die kampe te verlaat en vir die leër te gaan werk.[45]

Onderstaande statistieke vir die tydperk Julie 1901 tot Mei 1902 (September 1901 ontbreek) ten opsigte van die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik toon dat daar 'n geleidelike toename van swart werkers in diens van die regering en privaat ondernemings of huishoudings plaasgevind het. Die getal swart werkers wat deur die leër in diens geneem is, was in die geval van die vier kampe hoër as die getal by privaat ondernemings. Daarenteen was daar 'n afname in die aantal swart werkers in diens van die regering en privaat ondernemings wat uit die Greylingstadse en Nigelse swart konsentrasiekampe afkomstig was. Dit is moontlik daaraan te wyte dat hulle in hierdie tydperk toenemend 'n heenkome in die landbou gevind het. In die algemeen gesien, het die getal mans in die vier swart konsentrasiekampe in April 1902 op 1 882 te staan gekom, terwyl 1 630 in diens van die regering, privaat instansies en die superintendente van swart konsentrasiekampe gestaan het. Die regering het 1 339 (71,14%) van hulle dienste benut, terwyl 291

44 *Ibid*., SNA, volumes 44, 59.

45 *Ibid.*, Transvaalse Administrasieverslae vir 1902, finale verslag van die werk uitgevoer deur die NRD van die Transvaal van Junie 1901 tot Desember 1902, pp. 1, 3.

(15,5%) deur privaat ondernemings en die superintendente in diens geneem is. Die groot getal Heidelbergse swart vlugtelinge wat in regeringsdiens was, kan eerstens aan die ligging van die dorp as een van die vernaamste sentra langs die Natalse spoorlyn en tweedens aan die beskikbaarheid van werk toegeskryf word. Dit is ook opmerklik dat so min swart vroue en kinders in hierdie tydperk gewerk het.

HEIDELBERG

**Swartes in diens**

| | Regering | | | Privaat | | | Kamp | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** |
| Julie 1901 | 381 | | | 36 | | | | | |
| Aug. 1901 | 420 | | | 72 | 32 | 55 | | | |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 455 | | | 103 | 14 | 43 | | | |
| Nov. 1901 | 470 | | | 109 | 3 | 10 | 14 | | |
| Des. 1901 | 549 | | 2 | 119 | 9 | 10 | 22 | | |
| Jan. 1902 | 573 | 1 | 5 | 129 | 57 | 10 | 29 | | |
| Feb. 1902 | 605 | 1 | 3 | 148 | 72 | 10 | 10 | | |
| Mrt. 1902 | 61? | 1 | 3 | 151 | 43 | 9 | 10 | | 1 |
| Apr. 1902 | 627 | 1 | 3 | 136 | 54 | 9 | 10 | | 1 |
| Mei 1902 | 685 | 1 | 3 | 131 | 30 | 7 | 11 | | 1 |

NIGEL/FLORIDAKOP

**Swartes in diens**

| | Regering | | | Privaat | | | Kamp | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** |
| Jul. 1901 | | | | | | | | | |
| Aug. 1901 | | | | | | | | | |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 9 | | | | | | | | |
| Nov. 1901 | 42 | | | 4 | | 1 | 8 | | |
| Des. 1901 | 85 | | | 9 | | 3 | 8 | | |
| Jan. 1902 | 87 | | | 7 | 1 | 6 | 17 | | |
| Feb. 1902 | 105 | | | 8 | 2 | 8 | 18 | | |
| Mrt. 1902 | 11? | | 3 | 18 | 9 | 21 | 18 | | |
| Apr. 1902 | 132 | | 3 | 19 | 15 | 37 | 12 | | |
| Mei 1902 | 116 | | 1 | 11 | 8 | 25 | 6 | | |

KLIPPOORTJE

**Swartes in diens**

| | **Regering** | | | **Privaat** | | | **Kamp** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** |
| Julie 1901 | | | | | | | | | |
| Aug. 1901 | | | | | | | | | |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 9 | | | | | | | | |
| Nov. 1901 | 49 | | 6 | 9 | | 1 | 10 | | |
| Des. 1901 | 109 | | 5 | 14 | 2 | 3 | 29 | | 5 |
| Jan. 1902 | 107 | | 5 | 17 | 9 | 4 | 20 | | 7 |
| Feb. 1902 | 145 | | 5 | 23 | 8 | 4 | 23 | | 4 |
| Mrt. 1902 | 205 | | 6 | 29 | 10 | 7 | 11 | | 2 |
| Apr. 1902 | 213 | | 9 | 32 | 10 | 11 | 5 | | 1 |
| Mei 1902 | 203 | | 11 | 33 | 11 | 13 | 10 | | 5 |

GREYLINGSTAD

**Swartes in diens**

| | **Regering** | | | **Privaat** | | | **Kamp** | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** | **M** | **V** | **K** |
| Jul. 1901 | 187 | | | 22 | | | | | |
| Aug. 1901 | 284 | | | 24 | 21 | 34 | | | |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 315 | | | 28 | 37 | | | | |
| Nov. 1901 | 332 | | | 38 | 39 | 1 | 14 | | |
| Des. 1901 | 296 | | | 43 | 39 | 1 | 20 | | |
| Jan. 1902 | 285 | | | 47 | 39 | 1 | 25 | | |
| Feb. 1902 | 324 | | | 49 | 41 | 5 | 25 | | |
| Mrt. 1902 | 347 | | 1 | 52 | 34 | 1 | 25 | | |
| Apr. 1902 | 367 | | 6 | 53 | 36 | 8 | 21 | | |
| Mei 1902 | 294 | | 2 | 51 | 3 | 5 | 26 | 1 | 1[46] |

Die tweede doelwit met die daarstel van die NRD was om die nuutgestigte swart konsentrasiekampe selfversorgend te maak. De Lotbinière het Kitchener versoek om toestemming te verleen vir die vestiging van alle swart vlugtelinge se gesinne op verlate Boereplase. Volgens De Lotbinière kon die swart mense op hierdie plase wat langs die spoorlyne onder Britse beskerming was, die grond tydens

46 *Ibid*., Britse Blouboeke, Cd 934, Naturelle-vlugtelingkampe Transvaal, Oktober 1901, p. 75: FK 607, Koloniale Kantoor, Naturelle-vlugtelingkampe, finansiële staat tot 30 November 1901, pp. 369-370; SNA, Volume 20, 25, 28, 30, 44, 59 (wat ook die tydperk na 1901 dek).

die reënseisoen tussen September en November 1901 bewerk en genoeg voedsel vir hulle eie gebruik produseer. 'n Klein getal mans sou die ploeëry behartig terwyl die vroue en kinders die daaglikse arbeid op die landerye sou verrig. Indien die swart vlugtelinge so 'n landbouskema suksesvol kon bedryf, sou dit die regering naasteby £120 000 per jaar bespaar. Met sy beoordeling van die swart mense se karakter was De Lotbinière daarvan oortuig dat dit verkeerd en onraadsaam sou wees "to feed them free for nearly two years, when their natural instincts and habits lead them to cultivate their own food requirements, which occupation comes as second nature, and in so doing they would improve instead of deteriorate physically and morally if fed free".[47]

Op 12 Augustus 1901 het genl.maj. WF Kelly, adjudant-generaal van die Britse magte in Suid-Afrika, aangekondig dat die swartes in vlugtelingekampe tydens die reënseisoen voedsel vir eie gebruik kon verbou. Verlate plase kon daarvoor benut word. Terselfdertyd moes dit onder die swartes se aandag gebring word dat hulle na die oorlog geen aanspraak op die grond wat hulle tydelik gebruik het, sou hê nie. Hulle was ten volle geregtig op die voordele van die oeste, maar die regering het die reg behou om oorskotgraan aan te koop.[48]

Sonder enige vertraging het die Britse troepe begin om swart vlugtelinge na kleiner kampe in die beskermde gebiede langs die spoorlyne te verskuif. Die verkleining van die swart konsentrasiekampe was nie slegs op die verbetering van sanitêre maatreëls en die voorkoming van die onbeheerbare verspreiding van siektes gemik nie, maar ook om genoeg bewerkbare grond binne die beskermde gebiede naby aan die spoorwegstelsel te voorsien. Aangesien gesaaides tydens militêre bedrywighede beskerming aan die kommando's kon verleen, het Kitchener bepaal dat geen grond binne 1,6 kilometer van 'n blokhuis af bewerk mag word nie.[49]

Noodsaaklike implemente vir die bewerking van landerye, soos ploeë, skoffels en pikke is aangeskaf, asook saad. Die grond is gewoonlik met pikke en skoffels voorberei omdat daar 'n tekort aan trekosse was. Elke swart kamp is van ploeë voorsien, terwyl hulp aan elke gesin verleen is om drie akker (1,2 hektaar) grond te bewerk. Dit was gewoonlik die ou mans, vroue en kinders wat op die lande gepik en geskoffel het. Ten spyte van probleme het De Lotbinière en die NRD deur harde werk daarin geslaag om in 'n kort tydjie baie te vermag. Spoedig is ongeveer 9 000

47 *Ibid*., SNA 59, 2097, verslag NRD Johannesburg aan Hoë Kommissaris, 30 September 1901, pp. 3-4.

48 *Ibid*., MGP 125, AG/ Omsendbrief Memorandum 60, 13284/01, Verbouing van oeste, ens. deur Naturelle-vlugtelinge, Leër Hoofkwartier, Pretoria, 12 Augustus 1901, p. 141.

49 *Ibid*., Transvaalse Administrasieverslae, finale verslag van die werk uitgevoer deur die NRD van Transvaal van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 4; Warwick, p. 153.

akker (3 600 hektaar) grond met swart mense se stapelvoedsel, naamlik sorghum, mielies en pampoen, beplant.[50]

Ten opsigte van die hervestiging van swart vlugtelinge op uitgesoekte grond of in lokasies langs die spoorlyne is geen bewyse gevind om te bepaal of die swart kampinwoners op Heidelberg daaraan onderwerp is of met die verbouing van graangewasse gemoeid was nie. Uit die statistieke oor die getal kampinwoners verder aan kan daar tog ’n afleiding gemaak word. In Augustus 1901 was daar 2 945 inwoners in die swart konsentrasiekampe op die dorp. Aan die einde van Oktober was daar 1 966 inwoners, wat aandui dat ongeveer 1 000 swart mense – mans, vroue en kinders – waarskynlik voortaan by die landbou betrokke sou wees.

Die swart vlugtelinge in die konsentrasiekamp op Greylingstad het met die verwerking en aanplant van gewasse op 60 akker (24 hektaar) begin. Vir De Lotbinière was dit belangrik dat hierdie projek op Greylingstad “be pushed at once...and the natives there allowed to go on with their work”.[51]

Ofskoon geen verdere inligting oor swart boerderybedrywighede op Greylingstad beskikbaar is nie, kan daar aanvaar word dat toereikende graanproduksie die swart vlugtelinge in staat gestel het om ook hulle gesinne te onderhou. Voldoende graan is in depots geberg om die swart vlugtelinge vir ’n jaar na hulle vrylating en terugkeer na hulle tuistes van voedsel te voorsien. Boeregesinne wat na die oorlog ook huiswaarts gekeer het, het rantsoene vir slegs vier tot ses weke ontvang. Dit is ironies dat die NRD die teruggekeerde swart plaaswerkers vir ongeveer ses maande na die oorlog gevoed het.[52]

Die haglike toestande waarin vlugtelinge in al die swart konsentrasiekampe tot voor die stigting van die NRD in Junie 1901 geleef het, was ook op die kampinwoners van die Heidelbergse swart konsentrasiekampe van toepassing. In teenstelling met die inwoners van die blanke kampe op die dorp, wat rantsoene ontvang het, was die inwoners van die swart kamp op hulleself aangewese. Behuising het nie bestaan nie. Hulle moes self skuilings vir beskerming teen die natuurelemente oprig en middels teen siektes was moeilik bekombaar.

Vallentin het op 11 Maart 1901 die ernstige siektetoestand wat onder die swart vlugtelinge in die Heidelbergse kamp geheers het, onder die aandag van Maxwell gebring. Dit het hom genoodsaak om van die dienste van die distriksgeneesheer gebruik te maak om die siekes te ondersoek. Toenemende armoede onder die swart inwoners het veroorsaak dat hulle nie die distriksgeneesheer vir sy dienste kon betaal nie. Vallentin het hom verplig gevoel om magtiging vir vergoeding teen £10 per maand aan die distriksgeneesheer aan te vra. Mediese sorg was volgens

50 *Ibid*., Transvaalse Administrasieverslae, finale verslag van die werk uitgevoer deur die NRD van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 4.

51 *Ibid*., MGP 125, 13284/01, brief G de Lotbinière aan Militêre Goewerneur, Pretoria, ongedateer.

52 Kessler in Pretorius, p. 147.

Vallentin absoluut noodsaaklik, aangesien die swart mense teen ’n gemiddeld van een per dag gesterf het.[53]

Die mediese beampte op Heidelberg, dr. George Turner, het Vallentin se verslag op 13 Maart 1901 beaam en die verergering van die koorstoestand waarin baie swart vlugtelinge verkeer het, aan ’n gebrek aan behoorlike voeding toegeskryf. Volgens Turner het die ongeveer 600 swart kampinwoners meesal van die “carcases of animals dead of lung sickness” geleef. Hierdie ongesonde toestand waarin die swart vlugtelinge verkeer het, moes volgens Turner dringend aandag geniet, gevolglik het hy aanbeveel dat die “good class of black”, wat in die Johannesburgse goudmyne werksaam was, die geleentheid moes aangryp om hulle afhanklikes van geld te voorsien. Die vroue tuis het probeer om as wasvroue hulle gesinne te onderhou, maar die skaarste aan hierdie soort werk het hulle laat noustrop trek. Turner het aangevoer: “They are much more deserving of assistance than the dirty shiftless burghers and are quite as dangerous when sick as white people.”[54] Maxwell het Turner vervolgens versoek om met die superintendent van naturellesake in Johannesburg in verbinding te tree ten einde “remittance from the husbands of these people” te verkry.[55] Op 16 Maart het Maxwell ’n soortgelyke boodskap aan Vallentin gestuur.[56]

Vallentin was bekommerd oor die siektes onder die swart kampinwoners en het op 15 Maart 1901 aan Maxwell voorgestel dat ’n klein hospitaal vir die Heidelbergse swart kampinwoners opgerig en ’n swart vrou as verpleegster teen een sjieling per dag met rantsoene aangestel word.[57] Maxwell het Vallentin die volgende dag toestemming gegee om voort te gaan.[58]

Dit wil voorkom asof met die totstandkoming van die NRD ’n verbetering in die gesondheidstoestand in die swart konsentrasiekamp op Heidelberg ingetree het. Dit blyk uit ’n brief wat De Lotbinière op 28 Januarie 1902 aan die sekretaris van die Transvaalse Administrasie in Johannesburg gerig het. Hy het getuig dat, ofskoon die mediese beampte, Stewart, nie oor voldoende geneeskundige kwalifikasies beskik het nie, hy uitstekende werk verrig het. Selfs die sterftesyfer in die kampe onder sy toesig was volgens De Lotbinière “very fair”. Gekwalifiseerde medici

---

53 NASA, TAB, MGP 78, 2713/01, telegram Distrikskommissaris, Heidelberg aan Militêre Goewerneur, Pretoria, 11 Maart 1901.

54 *Ibid.*, MGP 78, 2713/01, telegram dr. George Turner MOH aan Militêre Goewerneur, Pretoria, 13 Maart 1901, p. 7.

55 *Ibid*., MGP 219, brieweboek 3 Maart – 14 April 1901, brief 290, Maj.asst. Militêre Goewerneur, Pretoria aan Distrikskommissaris, Heidelberg, 14 Maart 1901.

56 *Ibid*., MGP 78, 2713/01, telegram Militêre Goewerneur, Pretoria aan Distrikskommissaris, Heidelberg, 16 Maart 1901, p. 6.

57 *Ibid*., MGP 78, 2713, telegram Distrikskommissaris, Heidelberg aan Militêre Goewerneur Pretoria, 15 Maart 1901, p. 8.

58 *Ibid*., MGP 78, 2713/01, telegram Militêre Goewerneur, Pretoria aan Distrikskommissaris, Heidelberg, 16 Maart 1901, p. 6.

was in hierdie stadium baie skaars, gevolglik het De Lotbinière alles in sy vermoë gedoen om Stewart se dienste te behou. Stewart se kennis van die swart mense se taal en gewoontes was vir De Lotbinière op hierdie tydstip van groter waarde as 'n gekwalifiseerde medikus se onvermoë om swart mense te verstaan.[59] Die Transvaalse Administrasie het De Lotbinière se skrywe gunstig oorweeg. Stewart kon hierdie spesiale werk in die Heidelbergse swart konsentrasiekampe voortsit terwyl hy in diens van die militêre owerhede gestaan het. As hierdie verbintenis tot 'n einde sou kom, sou hy van 'n private mediese praktyk uitgesluit wees. Daarby kon hy as onopgeleide geneeskundige nie registreer nie of gelisensieer word om in Transvaal as 'n mediese praktisyn te praktiseer nie.[60]

Waar mediese dienste in blanke konsentrasiekampe baie gebrekkig was, het dit in die swart konsentrasiekampe feitlik nie bestaan nie. Aanvanklik het die owerhede versuim om aan die swart kampinwoners mediese dienste te verskaf omdat die Britse koloniale beleid daarop ingestel was om die gesondheid van die Britse garnisoene en die blanke inwoners te bevorder. Die welstand van die inheemse bevolking is volgens Kessler oorweeg "only when it was being ravaged by epidemics such as plague and tuberculosis. And (even) then, the colonial government was not so much concerned about these people's wellbeing as it was worried that the epidemic might spread to the white community, or severely disrupt the labour market."[61]

Die sterftesyfers in die meeste swart konsentrasiekampe het in Desember 1901 'n hoogtepunt bereik. Ofskoon De Lotbinière in sy finale verslag oor die redes vir die sterftesyfer geen swart konsentrasiekamp by name genoem het nie, het hy die sterfgevalle in die vier swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik ook ingesluit. Swart mense kon nie wanneer hulle aan skielike veranderinge en nuwe toestande wat betref water, voedsel en grond blootgestel is, gedy nie. Dit sou tyd verg om by die nuwe omstandighede aan te pas. Daarby het die beperkte gebiede (restricted areas) wat onder militêre beskerming gestaan het, veroorsaak dat die hutte veel nader aan mekaar as onder normale omstandighede gestaan het. Hierdie opset het veroorsaak dat die swart mense daaronder gely het, aangesien epidemies soos waterpokkies en masels die swart kampe getref en die dodetal laat styg het.

Om hierdie toestand te verbeter, is die mediese beamptes van nabygeleë blanke konsentrasiekampe versoek om die swart kampe daagliks teen betaling te besoek. Aangesien die toediening van medisyne weinig uitwerking getoon het, het die NRD

---

59 NASA, TAB, CS 64, 886/02, brief G de Lotbinière, NRD aan Sekretaris, Transvaalse Administrasie, Johannesburg, 28 Januarie 1902; Britse Blouboeke, Cd 934, Naturelle-vlugtelingkampe, Transvaal, Oktober 1901, p. 75.

60 NASA, TAB, CS 64, 886/02, brief Assistent-sekretaris Transvaalse Administrasie aan G de Lotbinière, 1 Februarie 1902.

61 Kessler, pp. 148-149. Kessler verwys na MS Stone se ongepubliseerde proefskrif, " The Victorian Army health, hospitals and social conditions as encountered by British troops during the South African War, 1899-1902" (Universiteit van Londen), p. 15.

hulle eerder op die verdeling van die kampe, verbeterde watervoorsiening en veral beter voedselvoorrade toegespits. Waar moontlik, is vars melk, groot hoeveelhede geblikte melk, Bovril en mielieblom gratis aan die swart kampinwoners voorsien. Daarby is winkels in die kampe geopen waar die swart mense benodigdhede teen kosprys kon aankoop. Volgens De Lotbinière het die uitreiking van melk en voedselvoorrade die inwoners in die swart konsentrasiekampe baie goed gedoen.[62]

Warwick wys daarop dat die redes vir individuele sterfgevalle "are rarely given".[63] Die ontstellende sterftesyfer onder die swart kampbevolking kon volgens Kessler aan die tekort aan huisvesting en gebrek aan sanitêre geriewe toegeskryf word.[64]

Statistieke ten opsigte van die getal inwoners en die sterftesyfer in die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik, naamlik op Heidelberg, Nigel/Floridakop, Klippoortjie en Greylingstad, bring die volgende aan die lig:

HEIDELBERG

| | **Kampinwoners** | | | | **Sterftesyfer** | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **T** | **M** | **V** | **K** | **T** | **%** |
| Jul. 1901 | 629 | 672 | 1 175 | 2 476 | | | | | |
| Aug. 1901 | 817 | 836 | 1 292 | 2 945 | | | | | |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 733 | 474 | 759 | 1 966 | 5 | 3 | 26 | 34 | 1,73 |
| Nov. 1901 | 762 | 512 | 799 | 2 073 | 2 | | 20 | 22 | 1,06 |
| Des. 1901 | 797 | 541 | 830 | 2 168 | 5 | 3 | 26 | 34 | 1,57 |
| Jan. 1902 | 823 | 586 | 892 | 2 301 | | | 15 | 15 | 0,65 |
| Feb. 1902 | 836 | 603 | 905 | 2 344 | 2 | 1 | 23 | 26 | 1,11 |
| Mrt. 1902 | 849 | 607 | 916 | 2 372 | 1 | | 3 | 4 | 0,16 |
| Apr. 1902 | 855 | 622 | 946 | 2 423 | 2 | | 4 | 6 | 0,25 |
| Mei 1902 | 848 | 645 | 991 | 2 484 | 1 | | 2 | 3 | 0,12 |
| Jun. 1902 | 382 | 656 | 968 | 2 006 | | | | | |
| Jul. 1902 | 413 | 621 | 902 | 1 936 | 3 | 1 | 2 | 6 | 0,31 |

62 NASA, TAB, Transvaalse Administrasieverslae, finale verslag van die werk uitgevoer deur die NRD van die Transvaal van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 3.

63 Kessler, pp. 150-151; Warwick, p. 152.

64 Kessler, p. 151.

## NIGEL/FLORIDAKOP

| | Kampinwoners | | | | Sterftesyfer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **T** | **M** | **V** | **K** | **T** | **%** |
| Okt. 1901 | 250 | 250 | 519 | 892 | | | | | |
| Nov. 1901 | 163 | 328 | 659 | 1 150 | 1 | 1 | 18 | 20 | 1,74 |
| Des. 1901 | 170 | 330 | 628 | 1 128 | 1 | 2 | 38 | 41 | 3,63 |
| Jan. 1902 | 177 | 358 | 650 | 1 185 | 1 | 1 | 32 | 34 | 2,87 |
| Feb. 1902 | 186 | 380 | 680 | 1 255 | 2 | 4 | 14 | 20 | 1,59 |
| Mrt. 1902 | 193 | 378 | 678 | 1 249 | | 3 | 14 | 17 | 1,36 |
| Apr. 1902 | 195 | 373 | 671 | 1 239 | | 2 | 6 | 8 | 0,65 |
| Mei 1902 | 199 | 372 | 666 | 1 237 | 1 | 4 | 8 | 13 | 1,05 |
| Jun. 1902 | 207 | 364 | 660 | 1 231 | 1 | 3 | 4 | 8 | 0,65 |
| Jul. 1902 | 220 | 359 | 655 | 1 234 | | 2 | 5 | 7 | 0,57 |

## KLIPPOORTJE

| | Kampinwoners | | | | Sterftesyfer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **T** | **M** | **V** | **K** | **T** | **%** |
| Okt. 1901 | 251 | 495 | 834 | 1 580 | | | | | |
| Nov. 1901 | 271 | 493 | 825 | 1 589 | 2 | 1 | 12 | 15 | 0,94 |
| Des. 1901 | 294 | 488 | 802 | 1 584 | 2 | 4 | 24 | 30 | 1,89 |
| Jan. 1902 | 303 | 497 | 799 | 1 599 | | 4 | 16 | 20 | 1,25 |
| Feb. 1902 | 322 | 502 | 812 | 1 636 | | 3 | 9 | 12 | 0,73 |
| Mrt. 1902 | 336 | 519 | 837 | 1 692 | | | 7 | 7 | 0,41 |
| Apr. 1902 | 343 | 515 | 824 | 1 682 | 1 | | 10 | 11 | 0,65 |
| Mei 1902 | 354 | 521 | 843 | 1 718 | 1 | | 8 | 9 | 0,52 |
| Jun. 1902 | 370 | 523 | 852 | 1 745 | 1 | | 2 | 3 | 0, 17 |
| Jul. 1902 | 361 | 468 | 759 | 1 588 | | | 1 | 1 | 0,06 |

GREYLINGSTAD

| | Kampinwoners | | | | Sterftesyfer | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **M** | **V** | **K** | **T** | **M** | **V** | **K** | **T** | **%** |
| Jul. 1901 | 253 | 332 | 586 | 1 171 | | | | | |
| Aug. 1901 | 349 | 543 | 939 | 1 831 | | | | | |
| Sept. 1901 | | | | | | | | | |
| Okt. 1901 | 393 | 567 | 954 | 1 914 | | | | | |
| Nov. 1901 | 473 | 719 | 1 184 | 2 376 | 2 | 9 | 43 | 54 | 2,28 |
| Des. 1901 | 472 | 711 | 1 131 | 2 314 | 6 | 7 | 67 | 80 | 3,46 |
| Jan. 1902 | 454 | 700 | 1 054 | 2 208 | 6 | 4 | 66 | 76 | 3,44 |
| Feb. 1902 | 462 | 702 | 1 029 | 2 193 | 1 | 1 | 32 | 34 | 1,55 |
| Mrt. 1902 | 456 | 699 | 1 013 | 2 168 | | 2 | 14 | 16 | 0,74 |
| Apr. 1902 | 456 | 699 | 1 009 | 2 164 | 2 | 1 | 9 | 12 | 0,55 |
| Mei 1902 | 458 | 689 | 978 | 2 125 | | | 9 | 9 | 0,42 |
| Jun. 1902 | 487 | 685 | 975 | 2 147 | | 2 | 6 | 8 | 0,37 |
| Jul. 1902 | 510 | 703 | 1 007 | 2 220 | 4 | 2 | 3 | 9 | 0,41[65] |

Wat uit die bostaande opvallend is, is die hoër sterftesyfer onder die swart kampinwoners van Greylingstad en Nigel in vergelyking met Klippoortje en Heidelberg. Hierdie statistieke verklaar dan ook De Lotbinière se tevredenheid met Stewart se werk as mediese beampte van die swart konsentrasiekamp op Heidelberg, waarna reeds verwys is.

Toe die amptelike dodetal in die Transvaalse swart konsentrasiekampe in Desember 1901 ’n hoogtepunt met 1 160 sterftes (2,69%) uit ’n inwonertal van 43 120 bereik het,[66] het die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik se bydraes tot hierdie sterftesyfer soos volg daar uitgesien: Klippoortje 30 (2,59%), Heidelberg 34 (2,93%), Nigel 41 (3,53%) en Greylingstad die hoogste, naamlik 80 (6,9%). Heidelbergdistrik se bydrae tot die Transvaalse sterftesyfer in hierdie maand het op 185 (15,95%) te staan gekom, terwyl sy bydrae in Februarie 1902 92 (17,36%) uit 530 Transvaalse sterftes beloop het. ’n Verwerking van die Transvaalse en Heidelbergdistrik se sterftesyfers van 3 638 en 533 onderskeidelik vir die tydperk November 1901 tot Februarie 1902, toon dat Heidelbergdistrik se bydrae 14,5% van die Transvaalse sterfgevalle verteenwoordig het. ’n Verdere verwerking dui daarop dat Greylingstad met 244 (45,78%) uit 533 sterftes boaan die lys in hierdie distrik geëindig het, gevolg deur Nigel met 115 (21,57%), Heidelberg met 97 (18,2%) en Klippoortje met 77 (14,44%).

65 NASA, TAN, Britse Blouboeke, Cd 934, Naturelle-vlugtelingkampe Transvaal, Oktober 1901, p. 75; TAB, FK 607, CO, Naturelle-vlugtelingkampe finansiële staat tot November 1901, p. 368; TAB, SNA, volumes 20, 25, 28, 30, 44 en 59.

66 NASA, TAB, Transvaalse Administrasieverslae vir 1902, finale verslag van die werk uitgevoer deur die NRD van die Transvaal van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 3.

Wanneer die statistieke met betrekking tot die sterftesyfer van sowel die Heidelbergse blanke as swart konsentrasiekamp vir die tydperk Oktober tot Desember 1901 in oënskou geneem word, is die bevindings soos volg: Elk van die twee konsentrasiekampe se kampinwoners het ongeveer 2 000 siele getel. In hierdie tydperk was die amptelike swart konsentrasiekamp se persentasie sterfgevalle elke maand laer as dié van die blanke konsentrasiekamp. Toe die sterftesyfer in Desember 1901 in die Transvaalse swart konsentrasiekampe ’n hoogtepunt van 1 160 bereik het, het die swart konsentrasiekamp se persentasie sterfgevalle op 1,57% (34 uit 2 168 kampinwoners) en die blanke konsentrasiekampe s’n op 1,67% (37 uit 2 212 kampinwoners) te staan gekom. Hierdie laer persentasie ten opsigte van sterftes in die swart konsentrasiekampe was moontlik aan die volgende faktore te danke: Eerstens moet Stewart se werk as mediese beampte in die swart konsentrasiekampe en De Lotbinière se vertroue in hom nie geringgeskat word nie. Tweedens kon Stewart met sy kennis van swart tale en gewoontes tydens gereelde besoeke aan die swart konsentrasiekampe die bewoners tot die aanvaarding van blanke mediese dienste oorhaal. Op hierdie wyse kon hy die moontlike wantroue teenoor die blankes grotendeels uit die weg geruim het. Stewart, met al sy goeie hoedanighede, het dus in ’n gunstige posisie verkeer om as ’n amptenaar in diens van die Britse militêre owerhede beter vertrouensverhoudinge tussen blank en swart te weeg te bring.

Onwillekeurig ontstaan die vraag waaraan die hoë sterftesyfer in die swart konsentrasiekampe te wyte was. Geneeshere het swart konsentrasiekampe selde of ooit besoek. In teenstelling met die blanke konsentrasiekampe wat oor mediese personeel (hoewel onvoldoende) beskik het, het die swart konsentrasiekampe geen sodanige personeel gehad nie. Ten spyte hiervan het die Heidelbergse swart konsentrasiekamp, soos reeds genoem, ’n laer sterftesyfer as die blanke kamp op die dorp getoon. Die hoë sterftesyfer moet egter voor die deur van die Britse leër gelê word. Deur ’n maandelikse besparing van £10 000 wou hulle eerder die leërafdelings van voedsel en arbeid voorsien sodat hulle die goudmyne op die Witwatersrand, ook dié op Nigel, kon heropen. Die Britse leër was vasbeslote dat, solank die voortbestaan van swart konsentrasiekampe geen risiko vir militêre gemeenskappe of blanke konsentrasiekampe ingehou het nie, daar van mediese ingryping geen sprake sou wees nie.[67]

Gebrekkige statistieke ten opsigte van sterftesyfers verhoed geskiedkundiges om die volle omvang van die verlies aan swart menselewens te bepaal. Erg verwaarloosde en onherkenbare grafte van onbekende swart vlugtelinge in die omgewing van die vier swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik is vandag die enigste getuienis van die beleid van die Britse regering waaronder hierdie swart vlugtelinge gebuk gegaan het.

67 Kessler, pp. 150-152.

Nog ’n aspek van die bestaan van die konsentrasiekampe wat in noue verband met die sterftes gestaan het, was die swart bevolkingsaanwas. Die getal geboortes in die verskillende swart konsentrasiekampe het sedert November 1901 deel van die maandelikse statistieke uitgemaak. Onderstaande tabel gee ’n uiteensetting van die getal geboortes in die swart konsentrasiekampe in die Heidelbergdistrik vanaf November 1901 tot Julie 1902:

**GEBOORTES**

| | **1901** | | **1902** | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | |
| Heidelberg | 2 | 2 | 2 | 1 | 4 | 6 | 6 | | 6 | **29** |
| Nigel/Floridakop | | 4 | 2 | 5 | 1 | 3 | 4 | 6 | 3 | **28** |
| Klippoortje | 1 | 2 | 2 | 2 | 4 | 5 | 9 | 8 | 6 | **39** |
| Greylingstad | 5 | 4 | 2 | | 4 | | | 1 | 2 | **18** |
| **Totaal** | **8** | **12** | **8** | **8** | **13** | **14** | **19** | **15** | **17** | **114**[68] |

’n Bevolkingsaanwas van 114 swart babas in nege maande verteenwoordig ’n groot persentasie (22,79%) van die gesamentlike geboortesyfer van 512 in die swart konsentrasiekampe in Transvaal in die ooreenstemmende tyd. Nogtans het De Lotbinière hom soos volg uitgelaat: “In studying these figures it must be borne in mind that for some reason not understood, the natives objected to report births; and I am of the opinion that for every birth reported there were four or five left unreported. This objection on the part of the natives to report births does not apply to deaths.”[69]

Heidelbergdistrik se bydrae tot die swart geboortesyfer in die genoemde tydperk het op 114 te staan gekom. Indien hierdie syfer tot ’n persentasie verwerk word, verteenwoordig hierdie distrik met sy vier swart konsentrasiekampe 22,27% van die geboortes in ongeveer 38 Transvaalse swart konsentrasiekampe. In die lig van De Lotbinière se bewering gee hierdie getalle ongetwyfeld nie ’n ware beeld van die bevolkingsaanwas in die swart konsentrasiekampe weer nie.

Vrede is uiteindelik op 31 Mei 1902 gesluit. Net soos die blankes in die Heidelbergse blanke konsentrasiekampe na die oorlog op hulle plase hervestig is, moes daar ook vir ongeveer 7 500 swart mense in die vier swart konsentrasiekampe in hierdie distrik ’n heenkome gevind word. De Lotbinière en sy departement, wat die swart mense as “an asset of the farming industry” beskou het, het hulle

68 NASA, TAB FK 607, CO, Naturelle-vlugtelingkampe, finansiële state tot November 1901, p. 369; TAB, SNA, volumes 20, 25, 28, 30, 44, 59.

69 INASA, TAB, NRD, finale verslag van die werk uitgevoer deur die NRD van die Transvaal van Junie 1901 tot Desember 1902, p. 3.

doelbewus daarvoor beywer om die swart vlugtelinge deur oorreding aan te moedig om na die plase terug te keer “instead of going to other employment and to town locations”.[70] Hieroor het HM Taberer, naturellekommissaris vir die Pretoria- en Heidelbergdistrikte en bekend vir die bekwame wyse waarop hy na swart mense omgesien het,[71] op 23 Februarie 1903 gerapporteer dat die swart vlugtelinge in die konsentrasiekampe in hierdie twee distrikte na hulle vorige woonplekke teruggekeer en hulle werk op die Boereplase hervat het. Swart mense wat geweier het om weer in diens van hulle vorige werkgewers te staan, is tegemoet gekom deurdat die keuse van ’n woon- en werkplek aan hulle oorgelaat is.[72]

Die hervestiging van die swart vlugtelinge het vinniger verloop as dié van die inwoners van die blanke konsentrasiekamp op Heidelberg. Die swart kamp op Nigel het reeds op 31 Augustus 1902 gesluit, terwyl dié op Heidelberg en Klippoortje op 25 Oktober en dié op Greylingstad op 31 Oktober gevolg het.[73]

By verskeie van die swart kampe het ’n deel van die kamp se inwoners, veral diegene wie se voormalige Boere-werkgewers hulle nie na die oorlog op die plaas terugverwelkom het nie, na die sluiting van die kamp ’n plakkersbestaan bly voer in die onmiddellike omgewing van die kamp. In sommige gevalle het hierdie plakkersgemeenskappe die kern van dorpslokasies geword.

Soos elders in die voormalige Boererepublieke het die oorlog vir die swart bevolkingsgroepe in Heidelberg weinig anders as ontreddering en rampspoed gebring. Die tekort aan die basiese implemente en saad het die ekonomiese herstel van swart mense wat uit die konsentrasiekampe hervestig is, gekortwiek. Die verwoesting van die verskroeide aarde-beleid het verder veel bygedra tot die wydverspreide, grootskaalse armoede en hongersnood.[74]

70 Mohlamme in Pretorius, p. 125. Mohlamme verwys na SNA 8, 1088/02, De Lotbinière aan Lagden, 27 Mei 1902.

71 E Rosenthal, “Taberer, Henry Melville” in CJ Beyers (red.), *Biografiese Woordeboek V* (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987), p. 607.

72 NASA, TAB, Britse Blouboeke, Cd 1551, verslag deur Naturellekommissaris, Pretoria en Heidelberg, 21 Februarie 1903, p. 172.

73 *Ibid*., SNA 98, 253/02, NRD, November 1902.

74 Fransjohan Pretorius, Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 (Kaapstad, 1998), p. 89.